


LAERSKOOL

Durbanville

PRIMARY SCHOOL



SPORT

Weyerslaan
Durbanville 7550

Telefoon 021 976 8115 Telephone

Weyers Avenue
Durbanville 7550

Faks/Fax: 021-976 7160 (Sport)

E-pos/E mail: sport@durbieland.com

Omsendbrief 1b/2022

19 Januarie 2022

Geagte ouer

ATLETIEK 2022

1. DOEL

Die doel van ons atletiekbyeenkoms is massadeelname, die bou van 'n gesonde kompeterende gees en die blootstelling aan verskeie atletiekitems. **Massadeelname in spanverband (ook op die pawiljoen)** is dus 'n prioriteit. So word 'n positiewe gees aan die begin van die jaar gebou wat ons hoop na alle aktiwiteite in 2022 sal deursyfer.

2. BYEENKOMSTE

- 2.1 Velditembyeenkoms (gekeurde atlete): Donderdag, 27 Januarie 2022 (**Laerskool Durbanville Sportgronde**).
- 2.2 Baanitembyeenkoms (alle leerders): Saterdag, 29 Januarie 2022 (**Hoërskool Durbanville Sportgronde**).
- 2.3 Durbell-atletiekbyeenkoms vir **spanatlete**: Sien Bylae A vir datums.
Leerders ontvang inligtingsbriewe na die interhuisbyeenkoms. Die **eerste en tweede** posisie kwalifiseer outomaties vir die Durbell-byeenkoms. Atlete wat derde en vierde plekke behaal het, moet ook die atletiekoefeninge bywoon. Sodoende bly hierdie atlete fiks en in oefening. Hierdie atlete kan enige tyd gevra word om aan onderstaande byeenkomste deel te neem indien ander atlete onttrek of nie kan deelneem nie. Laasgenoemde atlete sal onder andere aan tweekamp kan deelneem wat uit 'n hardloop- en swemdissipline bestaan. Enige atlete wat nie onder die eerste vier plekke by die Interhuis geëindig het nie, is ook welkom om die atletiekoefeninge by te woon.
- 2.4 Somerset-Wes: Lukas Potgieter Bucu Hardware Mini-Atletiekbyeenkoms
- 2.5 Mikro: Barloworld Prestige Atletiekbyeenkoms
- 2.6 Laerskool Paarl Gimnasium: Skadu van die Berg Atletiekbyeenkoms
- 2.7 JC Swart Prestige Atletiekbyeenkoms
- 2.8 Laerskool Swartland Atletiekbyeenkoms

Sien Bylae A vir die datums van bogenoemde byeenkomste. Teken hierdie datums op u beplanning aan, sodat alle atlete beskikbaar sal wees vir hierdie byeenkomste. Ons kan nog uitnodigings van ander byeenkomste gedurende die jaar ontvang.

3. INTERHUIS ALGEMENE REËLINGS

3.1 Leerders word volgens sy/haar van in **kleurgroepe** ingedeel.
Vanne van A tot G is Geel (Diemersdal), H tot O is Ligblou (Meerendal) en P tot Z is Donkerblou (Bloemendal).

3.2 **Sifting** vir deelname aan die interhuis-atletiekbyeenkoms (veld en baan) vind die eerste twee weke tydens skooltyd plaas. Die sifting vorm reeds deel van ons massadeelname aangesien elke leerder die geleentheid kry om aan elke item deel te neem met die kans om gekeur te word vir die verskillende items.

3.3 Massadeelname

Elke leerder **wat deelneem**, verwerf punte vir sy/haar span. Leerders benadeel dus hul span as hul nie deelneem nie. **Alle atlete** (leerlinge) mag op die dag van die baanitembyeenkoms aan die volgende items deelneem.

Die **volgende items** is vir **massadeelname**:

o.10 en o.11	80 m naelloop
o.12	100 m naelloop
o.13 en Ope	100 m naelloop

3.4 Items vir gekeurde atlete (vooraf gekies tydens sifting):

3.4.1 **Hekkies:** ± 18 atlete per item (6 per kleurgroep/huis)

3.4.2 **Langafstande** (800 m, 1200 m en 1500 m): ± 15 atlete (± 5 per kleurgroep/huis)

3.4.3 **o.10 - o.11 100 m naelloop:** 24 atlete, d.w.s. 8 atlete per kleurgroep/huis

3.4.4 **o.12 - o.13 150 m & 200 m naelloop:** 24 atlete, d.w.s. 8 atlete per kleurgroep/huis

3.4.5 **Velditems:** ± 18 atlete per item (6 per kleurgroep/huis)

Hou die kommunikeerder (D6) en skrywes dop vir verdere inligting.

Ons vertrou dat u vanjaar se atletiek saam met ons en u kind sal geniet.

Atletiekgroete



C. Bornmann
ORGANISEERDER



F. Roux
SPORTBESTUURDER



P. Du Toit
SKOOLHOOF

DURBIES VIR ALTYD

ATLETIEK 2022	
DATUM	AKTIWITEIT
Woensdag, 19 Januarie	<ul style="list-style-type: none"> • Skole heropen. Geen atletiek. • Sing-songs 13:15-14:00 (kies dirigente)
Donderdag, 20 Januarie	<ul style="list-style-type: none"> • 07:00-07:40 Geleentheid vir leerders wat langafstande en naellope wil oefen • Atletieksifting o.13 + ope gedurende skoolure. Onthou jou waterbottel, sonblok en pet • Atletiekoefening vir o.11 - o.13 14:30-16:30 (Sien program op D6)
Vrydag, 21 Januarie	<ul style="list-style-type: none"> • 07:00-07:40 Geleentheid vir leerders wat langafstande en naellope wil oefen • Atletieksifting o.12 gedurende skoolure. Onthou jou waterbottel, sonblok en pet • Sing-songs 13:15-14:00 • Gr.4 Veldnommeroefening 14:30-18:00
Maandag, 24 Januarie	<ul style="list-style-type: none"> • 07:00-07:40 Geleentheid vir leerders wat langafstande en naellope wil oefen • Atletieksifting o.11 gedurende skoolure. Onthou jou waterbottel, sonblok en pet • Sing-songs 13:15-14:00 • Atletiekoefening vir o.10 - o.13 14:30-16:30 (Sien program op D6)
Dinsdag, 25 Januarie	<ul style="list-style-type: none"> • 07:00-07:40 Geleentheid vir leerders wat langafstande en naellope wil oefen • Atletieksifting o.10 gedurende skoolure. Onthou jou waterbottel, sonblok en pet • Sing-songs en aflosoefeninge 13:15-14:00
Woensdag, 26 Januarie	<ul style="list-style-type: none"> • Sing-songs en aflosoefeninge 13:15-14:00 • Atletiekoefening o.10 en o.11 14:30-16:00 (atlete wat gekies is by sifting) (Sien program op D6)
Donderdag, 27 Januarie	<ul style="list-style-type: none"> • Velditembyeenkoms 11:00-18:00 (Laerskool Durbanville) • Die leerders sal vanaf 10:30 opbeweeg na die atletiekveld • Leerders wat nie deelneem nie, mag om 14:10 huis toe gaan
Vrydag, 28 Januarie	<ul style="list-style-type: none"> • Spiesgooi (o.12 & o.13) gedurende skooltyd.
Saterdag, 29 Januarie	<ul style="list-style-type: none"> • Interhuisbyeenkoms 07:15-15:00 (Hoërskool Durbanville) • Alle leerders dra LO-drag. • Onthou waterbottel, sonblok en pet. <u>Alle leerders moet 07:15 op die pawiljoen sit.</u> • Daar sal snoepiefasiliteite gedurende die hele dag beskikbaar wees
Maandag, 31 Januarie	<ul style="list-style-type: none"> • 07:00-07:40 Langafstande en naellope • Atletiekoefening o.10 tot o.13 14:30-16:00 (sien bogenoemde brief onder 2.3) (Sien program op D6)
Dinsdag, 1 Februarie	<ul style="list-style-type: none"> • Somerset-Wes Atletiekbyeenkoms
Woensdag, 2 Februarie	<ul style="list-style-type: none"> • Geen atletiekoefening (Interhuis swemgala)
Donderdag, 3 Februarie	<ul style="list-style-type: none"> • 07:00-07:40 Langafstande en naellope • Atletiekoefening o.10 tot o.13 14:30-16:00 (sien bogenoemde brief onder 2.3) (Sien program op D6)
Maandag, 7 Februarie	<ul style="list-style-type: none"> • Atletiekoefening volgens buitemuurse program
Woensdag, 9 Februarie	<ul style="list-style-type: none"> • Atletiekoefening (slegs velditems oefen)
Donderdag, 10 Februarie	<ul style="list-style-type: none"> • Mikro Atletiekbyeenkoms (geen atletiekoefeninge)
Dinsdag, 22 Februarie	<ul style="list-style-type: none"> • Paarl Gimnasium: Skadu van die Berg Atletiekbyeenkoms
<i>Datums moet nog bevestig word.</i>	<ul style="list-style-type: none"> • Durbell-byeenkoms: Spiesgooi : o.12 en o.13
	<ul style="list-style-type: none"> • Durbell-byeenkoms: Alle baan- en velditems (o.10 – o.13)
	<ul style="list-style-type: none"> • Metropool-Noord Atletiekbyeenkoms
	<ul style="list-style-type: none"> • WP Atletiek Kampioenskappe
	<ul style="list-style-type: none"> • Wes-Kaap Atletiek Kampioenskappe
Dinsdag, 25 Oktober	<ul style="list-style-type: none"> • JC Swart Prestige Atletiekbyeenkoms (Laerskool Durbanville)
Saterdag, 29 Oktober	<ul style="list-style-type: none"> • Swartland Atletiekbyeenkoms